

SARS Kommissaris open Belastingseisoen 2024

Tshwane, Kaapstad, 16 Julie 2024 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter spreek sy hartlike dank uit teenoor alle belastingpligtiges wat die afgelope twee weke met SARS sake gedoen het. Dit sluit diegene in wat deel was van die Individuele Belastingseisoen 2024 wat gister, 15 Julie 2024, afgeskop het en tot 21 Oktober 2024 en 20 Januarie 2025 vir nievoorlopige en voorlopige belastingpligtiges onderskeidelik sal verloop.

Kommissaris Kieswetter het bevestig dat "ingevolge ons strategiese oogmerk wat die ontwikkeling van 'n belasting- en doeanestelsel behels wat gebaseer is op vrywillige nakoming deur die samestelling van mense, data en tegnologie, volhard ons in die modernisering van ons stelsels. Ons werk steeds daaraan om 'n vaartbelyne, bemagtigende en instaatstellende belastingpligtige-ervaring te skep waar belasting uiteindelik opsigself plaasvind vir die miljoene Suid-Afrikaners. Ons is voorbedagte om Belastingseisoen 'n nie-geleentheid te maak".

Nagenoeg 150 miljoen derdepartydatarekords is hierdie jaar geoes, wat as die bousteen van Belastingseisoen dien. Om hierdie volume van grootdata deur die toepassing van kunsmatige intelligensie en versterkte masjien-aanleringsalgoritmes te prosesseer, stel SARS in staat om outomaties 'n groter aantal belastingpligtiges aan te slaan, meer opgawes vooraf in te vul, die integriteit van belastingpligtigeverklarings te verbeter en die belastingpligtige-ervaring te vereenvoudig.

Gedurende die eerste 14 dae, het meer as vyf miljoen belastingpligtiges 'n outo-aanslag ervaar, met 99.13% van hulle wat die uitslag aanvaar het sonder om enige veranderinge aan te bring. Tot dusver is terugbetalings van nagenoeg R10 miljard aan 1.6 miljoen outo-aangeslane belastingpligtiges uitbetaal, met 'n gemiddelde terugbetaling van R5 600.

"Ons het hierdie jaarlikse opgawes en belastingaanslae voltooi en tegelykertyd elke aanslag-uitslag deur ons nakomingsrisiko- en belastingbedrogopsporingvermoë gehardloop. Hierdie is alles moontlik te danke aan die belegging wat ons die afgelope paar jaar kon maak in die vermeerdering en uitbreiding van derdepartydata. Verlede jaar het hierdie werk alleen R100 miljard tot die fiskus bygedra deur die verhinderende van ontoelaatbare terugbetalings. Ten spyte van hierdie suksesse glo ek dat ons soveel meer kan doen, het Kommissaris Kieswetter gesê.

Na die opening van Belastingseisoen gister op 15 Julie 2024, is 191 000 opgawes ingedien met 183 000 (9%) wat digitaal deur eFiling en ons MobiApp ingedien is, terwyl 7 700 (3%) deur ons dienssentrums ingedien is. Daarvan is 90% binne 5 sekondes geprosesseer.

SARS brei steeds sy aanbieding van selfdiens-onderrigsinhoud uit deur die SARS TV YouTube-kanaal en die SARS-webtuiste om leersame en maklik-toeganklike

helderheid aan belastingpligtiges te verskaf. "Ons het nagenoeg een miljoen gebruikers waargeneem wat hierdie inhoud die afgelope twee weke gebruik het, en sodoende ons strategiese oogmerk verwesenlik jeens die verskaffing van sekerheid en helderheid aan belastingpligtiges," het hy voortgegaan.

Ooreenkomstig SARS se Visie 2024 wat die bou van 'n slim, moderne SARS, met onbetwisbare integriteit behels, moderniseer ons ons digitale platforms deur vele versterkings en bykomende funksionaliteite om belastingpligtiges in staat te stel om hulle verpligtinge eenvoudig, maklik en soomloos na te kom van enige plek af.

SARS se digitale platforms het die afgelope twee weke 16 miljoen interaksies waargeneem deur SARS eFiling, die MobiApp, Lwazi Kletsbot, Help-You-eFile, die SARS-aanlynnavraagdiens, USSD-diens (nie-slimfone), sosiale media en ons nuutbekendgestelde Whatsapp-kanaal (drie dae oud), wat sover moontlik die behoefte vir belastingpligtiges om takke te besoek minimaliseer. Die SARS-aanlyndiens is 'n maklik-om-te-gebruikplatform wat deur SARS se webtuiste toeganklik is by <https://tools.sars.gov.za/soqs>. Whatsapp is toeganklik deur die SARS Whatsappnommer (0800 11 77) te stoor, 'n boodskap te stuur en die aanwysings te volg. Dit is nie nodig om 'n tak te besoek nie.

Voordat jy 'n SARS-tak besoek, probeer eers een van ons selfdienskanale:

- Besoek SARS eFiling op ons webtuiste www.secure.sarsefiling.co.za
- Laai die SARS MobiApp van Google Play of Apple iStore af
- Skakel die USSD-nommer - *134*7277# om jou status en ander besonderhede te versoek
- Gesels met SARS op die Whatsappnommer - 0800 11 7277
- Besoek die SARS-aanlynnavraagdiens (SOQS) op ons webtuiste www.sars.gov.za
- Besoek ons sosiale mediablaai op Facebook, LinkedIn, SARS TV YouTube en X (Twitter) waar jy selfhelpvideos en stap-vir-stap gidse sal vind.
- Skakel ons kontaksentrum en kies Help-You-eFile voor jy na 'n konsultant deurgeskakel word
- Indien jy nie regkom met 'n virtuele of telefoniese skakeling nie, maak 'n afspraak om 'n tak te besoek
- As 'n absolute laaste opsie, sal ons nooit 'n belastingpligtige wegwys sou hulle by ons dienssentrums opdaag nie, solank hulle bereid is om te wag.

Hierdie digitale selfdiensplatforms stel belastingpligtiges in staat om:

- 'n Betalingaanwysingsnavraag te rig;
- Hulle belastingverwysingsnommer te versoek;
- Stawende dokumente in te dien indien SARS dit van hulle versoek;
- 'n Nuwe boedelsaak aan te meld;
- 'n Geregisteerde verteenwoordiger by te werk;
- Hulle belastingnakomingstatus te versoek;
- Hulle belastingnakomingstatus te verifieer; en
- Na te gaan of hulle vir outo-aanslag uitgewys is.

"Ten spyte van die beskikbaarheid van digitale platforms, het ons ook ons dienssentrum en konsultante gereedgestel om belastingpligtiges te dien wat hulp nodig het om hulle verpligtinge na te kom deur enige van ons beskikbare dienskanale - telefoonskakelings, virtuele of persoonlike afsprake, selfdiensterminale by takke, en mobiele belastingeenhede wat na bepaalde areas ontplooi is. Ons het die afgelope twee weke diens aan 330 000 belastingpligtiges gelewer," het hy gesê.

SARS volhard ook in die versterking van sy vermoë om nienakoming na te speur en te ontmoedig deur gebruik te maak van vermeerderde en uitgebreide SARS- en derdepartydata, met fokus op die nienakomingsfenomene soos nie-verklaring en onderverklaring vir belastingpligtiges wat nalatig, aspris, aggressief of misdadig nie voldoen nie.

Kommissaris Kieswetter het belastingpligtiges teen slenters gewaarsku wat aan die toeneem is. Hy het gesê: "SARS sal nooit belastingpligtiges vra om hulle bank- of kredietkaartbesonderhede te verskaf nie, en bedryf ook geen skakels wat belastingpligtiges vra om hulle besonderhede by 'n hiperskakel in te voer nie." Hy het gesê dat SARS slegs die webwerf www.sars.gov.za gebruik en geen ander adres nie. Hy het 'n beroep op belastingpligtiges gemaak om ekstra waaksaam te wees en die SARS-webtuiste te besoek om die outentisiteit van enige inligting waaroor hulle agterdochtig is te verifieer.

"Die volgende paar weke sal 'n besige tydperk vir SARS-kantore wees, aangesien ons landswyd met belastingpligtiges sal skakel en diens aan hulle sal lewer. Ons verstaan dat sommige belastingpligtiges gretig is om hulle opgawes in te dien, en meeste 'n terugbetaling as resultaat verwag of voor hoop. Ons verwag dus gevalle van lang toue en wagtye met die aanvang van die belastingseisoen. Ten spyte van ons beperkte hulpbronne en kapasiteit, het ons vertroue in die maatreëls wat ons in plek gestel het ter ondersteuning van ons strategiese oogmerk en verdere strewe jeens die verskaffing van 'n soomlose, bemagtigende en instaatstellende belastingpligtige-

ervaring, waar belasting uiteindelik opsigself vir die meerderheid van Suid-Afrikaners plaasvind," het hy afgesluit.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.